



## Finansies Beleid: Beleggings en rente op fondse

<b>Tipe dokument:</b>	Beleid
<b>Doel van die beleid:</b>	Die beleid verskaf die finansiële riglyne ten opsigte van beleggings en rente betaal en ontvang op kostepunte.
<b>Goedgekeur deur:</b>	US Raad
<b>Goedkeuringsdatum:</b>	5/4/2009
<b>Implementeringsdatum:</b>	2009
<b>Datum van volgende Hersiening:</b>	Soos nodig
<b>Datum(s) van vorige Hersienings:</b>	Geen
<b>Beleideienaar<sup>23</sup>:</b>	Uitvoerende Bedryfshoof
<b>Beleidkurator<sup>24</sup>:</b>	Hoofdirekteur: Finansies
<b>Sleutelwoorde:</b>	Beleggings, Rente, Kostepunte, Langtermynfondse, Korttermynfondse
<b>Geldende Weergawe:</b>	Ingeval van geskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie beleid as die geldende weergawe aanvaar.

US Beleide is beskikbaar by [www.sun.ac.za/policies](http://www.sun.ac.za/policies)

<sup>23</sup> Beleideienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikeheidsentrum waarbinne die beleid funksioneer.

<sup>24</sup> Beleidkurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die implementering en instandhouding van die beleid.

**2.21****BELEGGINGS EN RENTE OP FONDSE**

**Bestek:** Die beleid verskaf die finansiële riglyne ten opsigte van beleggings en rente betaal en ontvang op kostepunte.

**Beleid:****BELEGGINGS**

Fondse kan op 'n lang- of korttermynbasis belê word:

**Korttermynfondse**

Korttermynfondse verdien rente teen die wisselende koers wat maandeliks gerealiseer word by verskeie deponisionemende instansies.

**Langtermynfondse**

Langtermynfondse word bestuur deur die Universiteit se eksterne portefeuljebestuurder. Dit word belê in aandele, staatseffekte en ander beleggingsinstrumente. Die inkomste op langtermynbeleggings, wat jaarliks in Desember toegedeel word, is uiteraard laer as korttermynrente, aangesien 'n deel van die opbrengs kapitaalgroei is. Die kapitaalwins óf -verlies word gerealiseer en toegedeel wanneer fondse uit die langtermynbeleggingspoel onttrek word.

**RENTE OP FONDSE**

Die nie-begrotings kostepunte (gewoonlik navorsingskostepunte) ontvang rente op batige saldo's en op oortrokke saldo's word weer rente gehef. Die rekeningnommers van toepassing is soos volg:

5705 - Diverse rente ontvangste

2146 - Diverse rente betalings

**Kontak afdeling:**

Fondse- en Batebestuur